Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Lewende Stene

Jy is ingemessel

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)
Sê vir die Here dankie vir julle groep en dat julle saam deel van die familie van God kan wees.

KOM ONS BEGIN

- Om Efes 2 se genade te verstaan, moet ons eers die staat van verlorenheid verstaan.
- Om Efes 2 se geloof te verstaan, moet ons eers die werk van die Gees verstaan
- Om die Gees se werking te kan glo, moet ek die geestelike kan aanvaar.

Dink bietjie na oor ons teks vir die reeks:
1 Petrus 2:5

*Laat julle as lewende stene opbou tot 'n **geestelike** huis,*
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

KOM ONS LEES

Efes 2:8-10

8Julle is inderdaad uit **genade** gered, deur **geloof.** Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n **gawe** van God. 9Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. 10Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

INHOUD & GESPREK

Kerklidmaatskap is ‘n geskenk en gawe van God.
Daar is verskille tussen digitale kerk, universele kerk en die plaaslike kerk.

- “Die kerk is alleen kerk wanneer dit bestaan vir ander” – Dietrich Bonhoeffer

Beginsels oor die kerk:

- Christus is die fondasie - 1 Kor 3
- Christus is die Hoof - Openb 1
- Jesus het self die 12 apsotels van die eerste kerk gekies – Mark 3
- Jesus self het hulle geleer – Mat 5
- Jesus het Sy Gees gegee om ste bemagtig - Efes 4

So is die kerk nie die pad na die hemel nie, net die teken wat aanwys waar die hemel is – Adrian Rodgers

“Be united with other Christians.
A wall with loose bricks is not good. The bricks must be cemented together.” — Corrie Ten Boom

Vers 5 van Efes 2 sê ons was dood voor Christus. Hoe lyk so lewe wat dood is?

_____

_____

_____

Om lewend gemaak te word deur Jesus (:5), opgewek te word saam met Hom (:6) en plek in die hemel gegee te word is volgens vers 7 tekens van God se goedheid en geweldige groot genade.

Watter impak het dit op die wyse waarop ek my tyd, gawes en talente, besittings en geld mee leef?

_____

_____

_____

VERDERE GESPREK OF NADENKE

Lees Hand 2:43-47

43 Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al die
gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle grond en besittings
verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46 Hulle het almal elke dag getrou
by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met
blydskap en in alle eenvoud geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here
het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

Wat sê die gedeelte vir jou oor die vroeë Christene se toewyding, omgee en hart?

_____

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

God die Vader het Jesus gestuur om te sterf sodat elkeen wat in Hom glo verlos (gered) kan word van die dood, vanuit Sy hart van liefde en genade, sonder dat ek enigsins iets verdien. (Efes 2:9)

Net so mag aardse dinge my nie vashou (soos die rykman wat nie wou laat los nie), maar moet ek oorwinnend leef as vrygekoopte kind van God wat ‘n verskil maak in ander se lewe.

Nadenke:
Waartoe vorm God my as klei in Sy hand?

_____

_____

_____

Gebed
Genade onbeskryflik groot het U aan my bewys. Verlore seun ‘n wegloop kind, weer in die Vader huis.

NOTAS